# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 5

> *Presies gelyk, soos een man, het die trompetblasers en die sangers die lof en dank aan die Here laat weerklink. Die klank van trompette, simbale, allerhande instrumente en die loflied ter ere van die Here het opgeklink: “Want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.” (2 Kron 5:13)*

Wat ’n aangrypende geleentheid moes dit nie gewees het nie! Presies gelyk, soos een man, laat hulle ’n magtige loflied tot eer van God opklink. Dit kon net sowel ’n Britse koninklike geleentheid gewees het, netjies ingeoefen en perfek uitgevoer. Die prag en praal, die rye en rye priesters en Levitiese tempelsangers, geklee in wit linne, was aangrypend in eenvoud en gewydheid.
Ons eie eredienste, dikwels sober en sonder tierlantyntjies, staan in skerp kontras met daardie uitbundige jubeling. Ongelukkig is daar heeltemal te veel stroewe gesigte as óns die loflied aanhef. Ek glo ons kan iets by die Israeliete van ouds leer oor vreugdevolle aanbidding, want die Here ís moes goed. Daar is geen einde aan sy liefde nie (vers 13).
Die ooreenkoms tussen ons eredienste en daardie besondere dag is natuurlik dat die Here se magtige teenwoordigheid ook óns kerke vul. O, dat ons ’n aanvoeling daarvoor mag hê!


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026